

7 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 16:1-20

Die poorte van die hel sal die kerk nie oorweldig nie!

Vir die eerste keer in Jesus se bediening verkondig Hy dat die kerk bewaar sal bly (vers18).

Petrus doen 'n vaste belydenis dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God. Dit is belangrik dat ons altyd sal onthou dat Jesus die Rots is waarop die kerk gebou is (Ps 18:3; 1 Pet 2:4,5; 1 Kor 3:11). Die apostels het self verkondig dat Jesus Christus die Rots is. Hy is die Hoof van die kerk (Ef 1:22). God het Jesus as die Rots van die kerk bevestig en sy uitverkorenes as die lewende boustone (1 Pet 2:1-10). Ons is die lidmate van die kerk, die ledemate van die liggaam van Jesus Christus.

Daarom laat ons ons opbou deur die Woord en die Heilige Gees. So is die hele kerk die tempel van God. Ons is vir God belangrik. Elkeen van ons is by die naam geroep en in die kerk gestel.

Niks en niemand sal die kerk ooit kan oorweldig nie. God het ons duur gekoop met die bloed van sy Seun. Ons is meer as oorwinnaars deur Hom wat ons krag gee (Rom 8:31-39). Die poorte van die hel kan geen uitverkorene van God insluit nie, want in en deur Jesus Christus kan niks ons van sy liefde skei nie.

Daarom is dit so belangrik dat daar noukeurig gelet sal word op elke lidmaat se leer en lewe. Die ouderlinge regeer en hou toesig en gee geestelike leiding aan elke lidmaat sodat hy op Jesus Christus alleen sy lewe bou. Daar is tug – wat in liefde geskied – om elkeen op die smal pad te hou.

Dit is ook die leuse van die Gereformeerde kerke van Suid Afrika.

"Die Poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie."

Sing: Psalm 18:1

Ds GS Kruger (Centurion)